UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK II

## DIE JEUG-, SKOOL- EN LEERJARE VAN SYTZE WIERDA

### 1. DIE JEUG- EN SKOOLJARE VAN SYTZE WIERDA IN HEMRIK EN WIJNJETERP

Die jeug- en skooljare van Sytze Wierda in Hemrik en Wijnjeterp is vir ons grotendeels 'n geslote boek aangesien daar oor sy jeugjare baie weinig bekend gebly het. Behalwe 'n kort verwysing deur homself na sy opleiding as timmerman en boukundige, was die enigste ander inligting wat hyself in 1882 oor sy jeugjare meegedeel het, net een enkele sinsnede waarin hy gesê het: „Ik werd geboren te Hemrik in den boeren= stand 28 Februarij 1839."[1] Aangesien sy bewering oor die plek en datum van sy geboorte ook uit ander bronne as juis bevestig kan word, bestaan daar in elk geval geen twyfel nie dat hy op 28 Februarie 1839, in Hemrik, in sy ouerlike woning, wat as nommer 22 bekend gestaan het, gebore is.[2]

#### i. Die geboortehuis en jeugwonings van Sytze Wierda

Met die teenswoordige stand van ons kennis oor Hemrik en sy inwoners in die dertiger- en veertigerjare van die vorige eeu, is dit nie moontlik om die presiese ligging en voorkoms van die geboortehuis van Sytze Wierda te bepaal nie. Ook die ligging van die nabygeleë tweede arbeiderswoning, waarin hy en sy twee broers en susters 'n gedeelte van hul jeugjare saam met hul ouers deurgebring het, sal waarskynlik nooit bekend word nie. Dit is nietemin feitlik seker dat sy geboortehuis, nr. 22, aan die „compagnonsvaart" of langs een van die „dwars= vaartjes" of „wijken" geleë was, aangesien dit die lokaliteit was waar die arbeiders, kleinboere en die winkeliers, dit wil sê die „restanten van de verveners" gewoon het. Vanaf om= streeks 1900, en veral ná 1945, het die armoedige veenkoloniale karakter van die gebied langs die vaarte en dwarsvaartjies na= genoeg heeltemal verdwyn. Hierdeur is 'n groot aantal van die winkeltjies (met of sonder drankvergunning), arbeiderswonings en boerehuisies afgebreek sodat dit onwaarskynlik is dat die geboortehuis van Sytze Wierda, sowel as die ander woonhuis, nr. 23, wat die gesin in die tweede helfte van die veertiger=

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



jare in Hemrik bewoon het, bewaar gebly het.[3]

Die tipe woning wat die Wierda-gesin in Hemrik bewoon het, was ongeveer soos dié twee huise wat in „Smellingera-land" afgebeeld word. Daar bestaan egter ook 'n moontlikheid dat die woonhuise 'n ooreenkoms vertoon het met die derde huis wat in dieselfde gedenkboek afgebeeld word, ofskoon die Wierda-wonings moontlik beter as hierdie tipe was.[4]

In 1849 het die Wierda-gesin in huis nr. 23 gewoon,[5] en toe die gesin Hemrik op 12 Mei 1850 verlaat en in Wijnje=terp gaan woon het, het hulle vir die res van die vyftigerjare in laasgenoemde plek in huis nr. 45 gewoon.[6] In antwoord op navrae oor die ligging van die Wierda-woning te Wijnjeterp, is meegedeel dat „waar voor een jaar of vijf nog de boerderij stond van W. Rinsma onder Wijnjeterp moest die familie gewoond hebben. De boerderij is indertyd gekocht van de familie van Palland....."[7]

Die presiese lokalisering en beskrywing van die voorkoms van die geboortehuis en tweede woning van Sytze Wierda in Hemrik is dus, in die lig van die gebrek aan betroubare ge=gewens, 'n moeilike taak, terwyl die ligging en voorkoms van die Wijnjeterpse Wierda-woning ook nie buite enige twyfel gelokaliseer en beskrywe kan word nie.

ii. Die skooljare van Sytze Wierda

Met die opname van die gegewens in die volkstelling van 1839, is die naam van die 9 maande-oue Sytze foutiewelik as 'n dogtertjie met die naam Sytzke onder die kolom vir vroue in die bevolkingsregister van Hemrik geskrywe![8] In die volks=telling van 1849 tref ons die naam van die tienjarige knaap - op daardie stadium Sierd Wopkes genoem - weer 'n keer aan.[9] Op 12 Mei 1850 verlaat hy Hemrik saam met sy ouers, broers en susters, ten einde hulle in Wijnjeterp te gaan vestig.[10]

Hoelank Sytze Wierda die skool in Hemrik besoek het en hoelank sy verblyf en skooljare in Wijnjeterp geduur het, kan - weens die afwesigheid van skoolregisters en ander noodsaak=like bronne - nie met sekerheid vasgestel word nie. Toe hy

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in 1862 die dokumente in verband met sy huwelik in orde ge= bring het, het dit geblyk dat hy in 1858 as timmermansleerling in Appelscha werksaam was. Daar is egter geen definitiewe aanduiding in watter jaar en op watter plek sy skoolloopbaan beëindig is en sy timmermansloopbaan 'n aanvang geneem het. Die afleiding kan egter gemaak word dat sy laerskoolloopbaan in die loop van die eerste helfte van die vyftigerjare in Wijnjeterp tot 'n einde gekom het, moontlik omstreeks 1851, die jaar waarin hy waarskynlik as twaalfjarige knaap sy timmermansloopbaan as „krullenjongen" begin het.

Die skoolopleiding van Sytze Wierda het waarskynlik teen die helfte van die veertigerjare, omstreeks 1845/46 in Hemrik begin, toe hy in sy sesde of sewende lewensjaar was. Waar die „lagere school" normaalweg deur leerlinge tot in hul twaalfde lewensjaar besoek is,[11] bestaan die moontlikheid dat Sytze Wierda sy laerskoolloopbaan omstreeks 1851 in Wijnjeterp voltooi het toe hy as timmermanskneg sy lewenswerk begin het, wat hom van toe af na verskillende plekke in sy vaderland en uiteindelik in 1887 na die Zuid-Afrikaansche Republiek sou voer. Daar moet egter rekening gehou word met die moontlik= heid dat hy later as gewoonlik vir die eerste keer op skool gekom het en bygevolg eers later in die loop van die eerste helfte van die vyftigerjare sy skoolloopbaan in Wijnjeterp of waar ook al afgesluit het. Ten opsigte van sy skoolloopbaan mag die bewering egter gemaak word dat dit in die tweede helfte van die veertigerjare waarskynlik in Hemrik 'n aanvang geneem en in die loop van die eerste helfte van die vyftigerjare in Wijnjeterp of elders tot 'n einde gekom het.

### iii. „Onderwijzers der jeugd" in Hemrik en Wijnjeterp in die tyd van die Wierdas

Gegewens oor die toestand van die onderwys in Hemrik en omstreke in die jare voor en tydens die skooljare van die Wierda-kinders is uiters skraal. In April 1822 was daar in die koerante 'n oproep vir aansoeke om 'n onderwysersbetrek= king in Hemrik. Die vergoeding sou 63,- gulden per jaar bedra, aangevul deur die skoolgeld van 70 leerlinge.[12] Hieruit

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kan afgelei word dat daar ten tye van die vestiging van die Wierda-gesin in Hemrik in die dertigerjare, geleentheid be=staan het vir laerskoolonderrig van leerlinge van die Hemrikse omgewing.

Die naam van die onderwyser wat in die geboortejaar van Sytze Wierda in Hemrik werksaam was, is aan ons bekend. In die volkstelling-gegewens van 1839 word melding gemaak van 'n 22-jarige Protestantse jongman, Pieter Dirks de Vries, wat van Franeker afkomstig was en wie se beroep as „onderwijzer der jeugd" aangegee word.[13] De Vries, wat in 1817 gebore is, het in 1839 ingewoon by die 61-jarige „boerin", Pietje Geeuwkes. Sy het in huis nr. 16, vermoedelik in dieselfde omgewing as die Wierda-woning, gewoon. Opmerklik is dat daar benewens onderwyser De Vries, ook twee arbeiders, onder=skeidelik 29 en 21 jaar oud, benewens 'n 25-jarige „boeren=meid", by die „losieshuis" van die weduwee Geeuwkes ingewoon het.[14]

Dieselfde tyd toe De Vries onderwyser in Hemrik was, was die 27-jarige Albert Lolkes Van der Veer afkomstig van Gorredijk, „onderwijzer der jeugd" in Wijnjeterp. Ten tye van die volkstelling was hy woonagtig in huis nr. 70a.[15]

Toe Sytze Wierda omstreeks 1845/46 skoolgaande ouder=dom bereik het, was die 28-jarige Pieter Dirks de Vries nog steeds onderwyser van die Hemrikse skool. Ofskoon daar 'n vae moontlikheid bestaan dat sommige van die Wierda-kinders die hoogaangeskrewe skool in Beetsterzwaag bygewoon het, is dit waarskynlik dat Sytze Wierda sy eerste formele skoolonder=rig van die naamgenoot van sy moeder ontvang het.

Met die verhuising van die Wierda-gesin na Wijnjeterp in Mei 1850, het Sytze Wierda vermoedelik vir ongeveer twee jaar die plaaslike skool besoek. Die onderwyser van die Wijnjeterpse skool was Louis van Essen, wat in 1823 in Steen=wijkerswold gebore is. Hy is in 1850 getroud met 'n sekere mej. Andringa, van Wijnjeterp, deur dr. Spahr van der Hoek, beskrywe as „een van de duurste boerendochters van Wijnje=terp!"[16]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Net soos in die geval van onderwyser P.D. de Vries, is daar oor sy Wijnjeterpse kollega, Louis van Essen, feitlik niks bekend nie. Sover vasgestel kon word, is daar tydens en na hul lewe niks oor hulle op skrif gestel of gepubliseer nie.[17]

Waar dit waarskynlik is dat Sytze Wierda die laerskool van meester Louis van Essen in Wijnjeterp vanaf Mei 1850 besoek het, bestaan daar geen sekerheid op watter tydstip sy laerskoolloopbaan afgesluit is nie. Maar dit kon blykbaar nie later as teen die einde van 1851 of die jaar daarna gebeur het nie, veral in die lig van die feit dat voornemende timmer=mansknegte op betreklike jeugdige leeftyd - meesal op twaalf=jarige ouderdom - 'n aanvang met hul timmermansloopbaan gemaak het. As in ag geneem word dat kinders normaalweg op ses- of sewejarige leeftyd die skool begin besoek, die laer=skoolloopbaan ses jaar geduur het en op twaalfjarige leeftyd afgesluit is, sou die skoolloopbaan van Sytze Wierda waar=skynlik in 1845 of die jaar daarna in Hemrik - of miskien in Beetsterzwaag - 'n aanvang geneem het, in Mei 1850 in Wijnjeterp voortgesit is en in 1851 of 1852 op laasgenoemde plek - of in Beetsterzwaag - tot 'n einde gekom het. Daar moet egter rekening gehou word met die moontlikheid dat Sytze Wierda vir 'n tyd lank die skool in Appelscha kon bygewoon het.

iv. <u>Skoolgeboue van Hemrik en Wijnjeterp</u>

Uit die feit dat sowel Hemrik as Wijnjeterp in 1839 'n „onderwijzer der jeug" in sy midde gehad het, kan afgelei word dat die twee nabygeleë gehugte elkeen oor 'n skoolgebou beskik het.

In sommige dorpe in Friesland staan nog 'n „ald skoalle": 'n langwerpige huis bestaande uit 'n ekstra-groot kamer, gewoonlik langs 'n normale woonhuis. Dit was die skoolge=boue in die eerste helfte van die negentiende eeu, omstreeks 1850. Die skoolgebou was eiendom van die Kerk en moes tewens dien as woning vir die skoolmeester, wat terselfdertyd

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die pligte van koster moes vervul. Die skoolmeesters- en kosterswoning, wat dikwels ook as katkisasielokaal gebruik is, was gewoonlik digby die kerkgebou en soms selfs in die kerk=hof.[18]

Die skoolgeboue op die Friese platteland in die tyd van die Wierdas was oor die algemeen reeds selfstandige geboutjies met mure wat 'n bietjie hoër gebou was as dié van die gewone woonhuise in die omgewing. Dit het bestaan uit een of twee „holle" lokale onder 'n houtgewelf. Nóg in Hemrik, nóg in Wijnjeterp het egter iets van die destydse skoolgeboue bewaar gebly. Dieselfde lot het hulle getref as wat in die eerste helfte van hierdie eeu met die eenvoudige arbeiders- en ander woonhuise in Hemrik en Wijnjeterp gebeur het.[19]

Aangesien De Vries in Hemrik by weduwee Geeuwkes ingewoon het, het die skoolgebou in Hemrik - soos dit elders in Fries=land gebruiklik was - nie as woning van die skoolmeester gedien nie. Wat die posisie in Wijnjeterp was, waar Lolkes van der Veer in huis nr. 70a gewoon het, kan nie met sekerheid gesê word nie.

v. <u>Die skoolloopbaan van Sytze Wierda binne die raamwerk van die destydse onderwystoestand in Nederland</u>

Afgesien van die bloeiende toestand waarin die skool in Beetsterzwaag in die veertigerjare verkeer het, het die onderwys in die hele Opsterland weliswaar op 'n behoorlike peil gestaan, met ander woorde ook in Hemrik en Wijnjeterp, grootliks te danke aan die bemoeienis van skoolopsiener Ube Arend Everts (1799-1861), 'n regter van Heerenveen, wat tydens sy skoolopsienerskap 'n weldadige invloed op die onder=wys in Opsterland uitgeoefen het.

Oor die gunstige toestand van die onderwys in Opsterland het inspekteur Wijnbeek in 1845 as volg geskrywe:

> "De goede staat waarin ik vele scholen (in Opster=land) vond, is toe te schrijven aan de bemoeiingen van den Heer U.A. Everts. De klankmethode, de wyze om den kinderen een eenvoudigen, natuurlijken lees=toon eigen te doen maken, redekundige ontleding, eerste taalgronden, daarop gevestigd, getalleer ter

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



oefening uit het hoofd rekenen, zangkunst, tot dat alles heeft hy niet alleen den grondslag gelegd, maar heeft er verder op gebouwd en zulks met den meest gewenschten uitslag."20

Sytze Wierda het skoolgegaan in 'n tyd toe die belangstelling in die opvoeding en onderwys 'n oplewing in Nederland belewe het. Dié oplewing, wat veral in die 19de eeu vrugte begin dra het, is gedeeltelik gestimuleer deur die stigting van „De Maatschappy tot Nut van 't Algemeen" („Het Nut"). Een van „Het Nut" se doelstellings was om „het meest verwaarloosd deel der natie kennis en beschaving by te brengen ten einde het kundigheid en lust in te boezemen." Die opvatting is destyds gehuldig dat die mense deur onkunde afgetrek word in 'n moeras van sedeloosheid en dat hulle gelukkiger en beter mense sou word indien hul kennis vermeerder en hul insig verbeter sou word. Die mening is gehuldig dat sodoende nie alleen die geestelike nood van die mense gelenig sou word nie maar dat die mense ook op maatskaplike gebied sou vooruitgaan.

„Het Nut" het groot aktiwiteit ten opsigte van onderwys aan die dag gelê en baie gedoen vir die sedelike en intellektuele ontwikkeling van die Nederlandse volk. „Het Nut" was besiel met die ideaal van 'n algemene volksonderwys, gedra deur 'n gees van 'n ondogmatiese Christendom. Onder die aanleer van alle gepaste en nuttige kundighede sou die leerlinge opgevoed word tot 'n verskeidenheid van Christelike en maatskaplike deugde.

Aan die begin van die 19de eeu was die primêre doel van die opvoeding en onderwys, soos dit blyk uit die Onderwyswet van 1806, in ooreenstemming met die heersende politieke ideologie van die dae, die vorming van nuttige, verstandige, redelike en sedelike staatsburgers. Onderliggend was daar die gedagte dat kennis van die deug, die deug self sou kweek en dat kennis armoede sou ophef. Daarbenewens was die onderwys deurtrokke van stigting en die Bybelwoord. Dit was dan ook die ernstige strewe van die owerheid om die openbare laerskool tot 'n instituut met 'n uitgesproke godsdienstige en christelike karakter te maak.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Na 'n diepe insinking in die laaste helfte van die 18de eeu, het daar in die 19de eeu weer 'n ontluiking van volksont= wikkeling ingetree. Die skoolbesoek het begin toeneem en die analfabetismė teruggedring. 'n Deel van die volksmenigte wat teen die einde van die vorige eeu in verval begin raak het, is weer tot 'n menswaardige bestaan teruggebring, veral te danke aan die Onderwyswet van 1806. Die regering, gesteun deur skooltoesig en die beste kragte uit die onderwyserskorps, het die ontwikkelingspeil probeer ophef. Desnieteenstaande het die peil van lees, skrywe en rekene nog veel te wense oorgelaat.

By „Koninklijk Besluit" van 20 Maart 1814 - na die her= stel van die onafhanklikheid - is die wet van Van den Ende gekontinueer en vir tientalle jare gehandhaaf. Eers in 1857, nadat daar 'n sterk verset ingetree het, het daar 'n verande= ring ingetree. Waar die onderwys in die 18de eeu en die begin van die 19de eeu verwaarloos is, kon in baie plekke net 'n klein persentasie van die inwoners lees en skrywe. In 1815 kon in Udenhout byvoorbeeld nouliks 10% van die inwoners lees en skaars 5% hul naam skrywe. Andersins het die onder= wys direk na die Franse tyd nie 'n goeie beeld vertoon nie. Tot en met die veertigerjare van die negentiende eeu was die onderwys, volgens dr. H.J. Nassau, gekenmerk deur 'n „kernloze middelmatigheid", moontlik toe te skrywe aan die omstandigheid dat die opsig deur die regering gereël is, maar nie die onder= rig nie.

Waar die Onderwyswet van 1806 vir bykans 'n halwe eeu die onderwys en opvoeding van die Nederlandse jeug beïnvloed het, moet - by al die leemtes waarop die aandag gevestig kan word - die een winspunt wat teen al die ander ryklik opweeg, beklemtoon word, naamlik dat onder dié Wet die stedelike bevolking van Nederland weer 'n keer, en die plattelandse bevolking vir die eerste keer leer skrywe en lees het, al was dit in 'n mate gebrekkig.

„Het Nut" het ook besonder baie aandag gegee aan die uitgee van skoolleesboeke. Die leesboeke vir kinders het 'n

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sfeer van sagtheid, wellewendheid en verdraagsaamheid geskep. In hierdie verband is 'n kenner van die onderwysgeskiedenis van Nederland in die eerste helfte van die negentiende eeu, van opinie dat „de weldaad, die Het Nut aan onderwys en opvoeding door de uitgaven van schoolboeken bewees, kan men nauwelijks genoeg waarderen." Bekende skoolleesboeke uit daardie tyd, is, onder andere, die Trap-der-Jeugd, De Geschiedenis van Jozef (Hulshoff), De Geschiedenis van Jezus (Adrianus), De Brave Hendrik (Nicolaas Anslijn), Brave Maria (M. van Heyningen Bosch) en Roosje Vlijtig. Opvoedkundiges soos Nieuwold,[21] Wester, Rijkens, Prinsen en Brugsma het meegehelp tot die aan= kweking van die deug. Almal het gestrewe na dieselfde doel: die triomf van die deug oor Nederland. Dit sal moeilik wees om te bereken hoe groot of hoe gering die invloed van die lees= boek was op die sedelike vorming van die Nederlandse volksjeug. Die bewering mag egter gemaak word dat baie leerlinge en lesers in die algemeen deur die boek tot kennis en deug gekom het.

In skrille teenstelling met die gebrekkige leertrant van vroeëre jare waarmee die grootouers en ouers van Sytze Wierda kennis gemaak en geworstel het, het die klankmetode van Nieuwold (Dellebarre, Prinsen en Anslijn) wat in die begin van die negentiende eeu vir die onderrig van lees in Neder= land in swang gekom het, in die tyd van Sytze Wierda baie daartoe bygedra dat die skoolleerling makliker en beter leer lees het. Die nuwe van die leerwyse het daarin bestaan dat tweeklanke, byvoorbeeld <u>au</u> en <u>ou</u> nie meer ontleed is nie. Die leerlinge het vanuit die staanspoor kennis gemaak met die feit dat au, byvoorbeeld, nie a u is nie, maar as een klank= teken uitgespreek word; dat die medeklinkers nie langer bee, dee, gee, maar toonloos $b^e$, $d^e$ en $g^e$ genoem word. Bykomstig maar ook van belang was dat die leerlinge nie meer met die vervelige leer van die hele alfabet vermoei is nie maar na kennismaking met enkele letters, reeds direk in staat was om woordjies te vorm. Die leer om te lees het in die tyd van Sytze Wierda makliker en prettiger as vroeër gegaan.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Sytze Wierda was op skool in 'n tyd waarvan daar, meer as enige ander periode uit die onderwysgeskiedenis van Neder=land, gesê kan word dat die platteland leer lees en skrywe het, aangesien die vak „lezen" toentertyd in die middelpunt van die onderwys gestaan het.[22] Daarom is dit dat daar geen rede bestaan om oor die resultate van die leesonderwys te kla nie. Die leesboeke was weliswaar eensydig georiënteer en volgens die hedendaagse smaak te veel op stigting en lering toegespits en te weinig in die kinderlike trant geskrywe. Die kinders wat die inhoud van die leesboeke verstaan het, kon met volle oortuiging daarop aanspraak maak dat hulle op skool leer lees het. Na die beëindiging van die laerskooltyd, kon elke normale kind sonder veel moeite en inspanning die koerant, almanak en openbare aankondigings lees. Hoe die vordering was ten opsigte van die lees van die Bybel, is nie seker nie. Die res van sy lewe was die predikant egter daar om die Bybel vanaf die kansel te lees en te verklaar. Dit was moontlik dat 'n ongeletterde persoon wat die skool vier of vyf jaar besoek het, in staat was om 'n eenvoudige boek te lees en te verstaan. Dit is egter bekend dat as gevolg van die daaglikse beslommernisse en armoede, tienduisende wat die skool verlaat het, nooit so 'n boek in die hande gekry het nie. Die vaar=digheid in lees het daardeur by baie leerlinge spoedig verlore gegaan en het slegs die mees elementêre kennis oorgebly.

In die eerste Onderwyswet (van 1801) is lees, skrywe en die eerste beginsels van rekenkunde as verpligte vakke aangedui. Eers in 1806 het die Nederlandse Taal bygekom, toe van Taalkunde gespreek is. Onderwysers van die 4de rang, nieteen=staande die feit dat hulle as 'n groep deur die hele Nederland voor die klas gestaan het, het nie nodig gehad om iets van die nuwe vak te geweet het nie. Eers van onderwysers van die 3de rang is kennis van enige beginsels van die Nederlandse Taal vereis.

Dit het gebeur dat dr. Nassau in die tweede helfte van die 19de eeu nog geskrywe het dat „schrijven, rekenen, zingen en beginselen der teekenkunst zyn buiten 't leesonderwys de

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



eigentlyke hoofdvakken van 't lagere onderwys."


Die taalonderwys het hom onder die Wet van 1806 geheel as „spraakkunst-onderwijs" ontwikkel.

Sytze Wierda het dit vermoedelik minder gelukkig getref ten opsigte van die metodiek wat toegepas is met betrekking tot die onderrig van Nederlands. Die taalmetodiste uit die eerste helfte van die vorige eeu wou die kind Nederlands leer op 'n kwasi-wetenskaplike wyse. Hulle wou die Latynse skole, waar hulle opgemerk het hoe die Ou Tale onderrig word, navolg. Hulle het oor die hoof gesien dat 'n kind honderde kere die reëls moet toepas voordat dit sy eiendom en geestesbesit ge= word het. Die waarde van invuloefeninge en die betekenis van diktee is volkome genegeer. Oor die algemeen is 'n aweregs-verkeerde metode toegepas om die kinders hul moedertaal te leer, byvoorbeeld deur middel van die sg. „opstelle met foute". Verder is die Vaderlandse Geskiedenis ook vir taalonderwys misbruik. Op dié wyse en langs dié weg sou die leerlinge nooit suiwer kon leer skrywe nie. Daarby is die stelwerk ook verwaarloos, aangesien dit hom beperk het tot die oorskrywe en uit die kop leer van 'n aantal model briewe.

Dr. Nassau maak in sy „Gedachten en opmerkingen omtrent onderwijs en schoolwezen (1858-1873)", die bewering „dat onder de honderd leerlingen der betere lagere scholen hier te lande sedert eene halve eeuw, waarschynlijk geen vijf werden gevonden die na 't verlaten der school zonder nadere aanleiding en aan zich zelven overgelaten, in de practijk van 't leven, gezegd kunnen worden, zonder grove spel- en taalfouten te schryven." Wanneer die spelvermoë en taalbeheer van Sytze Wierda in sy latere lewe in aanmerking geneem word en sy prestasie ver bo die gemiddeld aangemerk moet word, kan hy sonder enige twyfel onder die 5% van dr. Nassau geplaas word.

Die rekenkundeboek van mr. Willem Bartjens, wat reeds in 1645 oorlede is, en onder die Onderwyswet van 1806 nog volop in gebruik was, naamlik „Cijfferinghe waaruit men meest alle de grondregelen van de Reeckenkonst leeren kan", en wat 'n

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



belangrike rol in die volksonderwys in Nederland gespeel het, is vermoedelik ook deur die onderwysers van Sytze Wierda gebruik.

Dit is opmerklik dat die onderwysers in Nederland vir baie jare aan die oue vasgeklou het. Selfs in die jaar 1830 verskyn „De Nieuwe Rekenkunst van Mr. Willem Bartjens uit welke men de voornaamste regelen dier wetenschap leeren kan." Die werk van mr. Willem Bartjens, wat gekenmerk is deur sy gebrek aan aanskoulikheid, kon egter op die lang duur nie standhou nie.

'n Ander rekenkundeboek, wat in 1841 reeds sy derde druk belewe het, was meester H. Sluyters se „Practisch Cijferboek voor de scholen ten plattelande". Daar bestaan 'n moontlikheid dat Sluyters se rekenkundeboek deur die Hemrikse en Wijnjeterpse onderwysers gebruik kon gewees het. Die boek gee oefeninge in die skrywe van getalle, optelling - ook van groot getalle - hoofbewerkings en vraagstukke. Dit was duidelik en in 'n ietwat verhalende trant geskrywe. Merkwaardigerwyse is die sedeleer, net soos in ander skoolvakke, ook by die rekenkunde betrek!

Wat opmerklik en van belang is, is dat die jeug van meer as 'n eeu gelede geleer het om syferwerk onder die knie te kry. Ook met Sytze Wierda was dit die geval.


Dit sou beter gewees het, is destyds betoog, om by die volksjeug die verlange na 'n goeie boek; die vermoë om 'n behoorlike brief te skrywe; om wie ook al saaklik te woord te staan; die bekwaamheid om oordeelkundig met eie verdienste die mas op te kom, aan te kweek. Naas hierdie nuttige kundighede kon ook aandag gegee gewees het aan vreugdegewende sake, soos die aanleer van mooi liedere - nie in die plek van nie maar as aanvulling op die Psalms en Tollens se Volkslied.

Verder is betoog dat tekenonderwys die estetiese element in die opvoeding kon versterk het. Aan tekenonderwys is egter weinig aandag geskenk. Indien Sytze Wierda tekenonderwys op laerskool sou ontvang het, is dit waarskynlik dat sy onmiskenbare talent op hierdie gebied baie vroeër in

---

Ontwerp van 'n trap deur Sytze Wierda.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sy lewe kon ontluik en onder simpatieke en deskundige leiding ontwikkel kon gewees het. Dit word vertel dat hy as jong seun van sy hare afgesny en self daarvan 'n tekenkwassie gemaak het! Daarna het hy vir sy ma die moer in die koffieketel gevra en daarmee begin verf![23] Dit was sy eerste selfonderrig in die tekenkuns. Die vraag kan gestel word hoe hy op die gedagte gekom het en wie hom in die eerste plek op so 'n wyse aangemoedig het. Sou dit miskien sy vader, wat 'n mate van kunssinnigheid op die gebied van vioolspel openbaar het, of een of ander familielid of vriend van die gesin gewees het? 'n Verdere vraag kom ook na vore: Wat het hy met sy haarkwassie en koffiemoerverf geteken? Was dit miskien die bye en ander insekte en diertjies van sy omgewing waarin hy glo - ook volgens mededeling - baie geïntesseerd was, of was dit miskien 'n huis of ander voorwerp wat hy om hom raakgesien het?

Dit is bekend hoedat hy mettertyd sy talent deur middel van selfstudie, en miskien ook deur onderrig wat hy van een of ander persoon ontvang het, ontwikkel en vir die res van sy lewe beoefen het. 'n Paar interessante voorbeelde van sy teken- en skilderwerk uit sy latere lewe, afgesien van sy noukeurige en netjiese argitekstekeninge, het bewaar gebly.[24]

In feitlik alle plattelandse skole van destyds het geleide spel en 'n eenvoudige gimnastiek ontbreek. In hierdie verband is die opmerking gemaak: "Hoeveel minder stijf gebogen en krom zou daardoor de landarbeiders op het werk hebben gegaan!"

vi. <u>Die posisie en status van die plattelandse onderwyser</u>

Die posisie en status wat meester De Vries in die plattelandse omgewing van Hemrik beklee het, kan in 'n mate afgelei word uit die feit dat hy ten tyde van die geboorte van Sytze Wierda twee arbeiders en 'n „boerenmeid" as medeloseerders in 'n eenvoudige boere- of arbeiderswoning van die weduwee

---

Twee voorbeelde van die tekenwerk van Sytze Wierda, die een 'n tekening van 'n gebou, en die ander 'n landskap wat hy op briewe geteken het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Geeuwkes gehad het. Die meeste plattelandse onderwysers het dan ook destyds 'n baie armoedige bestaan gevoer, omdat hulle grotendeels aangewys was op die skoolgeld wat hulle van die ouers van leerlinge ontvang het. Die swak besoldiging - in baie gevalle min of meer 50,- gulden per jaar - het dikwels saamgehang met die gebrekkige opleiding wat die destydse onderwysers ontvang het. Opmerklik is dat die onderwysers in armoede moes voortswoeg en dikwels onderhewig was aan die grille van die ouers. Vir baie jare was daar feitlik niks gedoen vir die verbetering van die deerniswekkende maatskaplike posisie van die onderwysers en was hulle genoodsaak om deur bybaantjies iets by te verdien. Soms het die onderwyser 'n vry woning met die vruggebruik van 'n lappie grond gekry waarop hy as 'n keuterboertjie sy eie ertappels en groente kon kweek.

Die eenvoudige meesters uit die eerste helfte van die 19de eeu was egter kennisverbreiders by uitnemendheid, wat destyds die eenvoudige, onontbeerlike skoolwysheid snel en vry algemeen tot in die verste uithoeke van Nederland, ook tot in Hemrik, Wijnjeterp en Beetsterzwaag, laat deurdring het.[25]

## vii. Benutting van die Opsterlandse skoolonderrig deur Sytze Wierda

Ofskoon die vraag of Sytze Wierda in die veertigerjare die Hemrikse- of die Beetsterzwaagse skool bygewoon het, nie met volkome sekerheid beantwoord kan word nie maar wel neig tot die waarskynlikheid dat die skool van De Vries in Hemrik die eerste grondslae van sy onderwys en opvoeding gelê het, bestaan daar oor een saak nie die minste twyfel nie, naamlik dat die Opsterlandse skoolonderrig wat Sytze Wierda tydens sy laerskoolloopbaan geniet het, betreklik deeglik moes gewees het. Nieteenstaande eksakte gegewens oor sy formele skoolonderrig ontbreek en daar feitlik niks definitiefs bekend gebly het oor sy laerskoolloopbaan tussen die jare 1845/46 en 1851/52 nie, is dit egter baie duidelik dat Sytze Wierda 'n betreklik deeglike laerskoolonderrig moes gehad het. Sy spelling, taalbeheer, uitdrukkingsvermoë, soos dit uit sy

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



private en amptelike korrespondensie blyk en in 'n groot ver=skeidenheid ander geskrewe stukke nagegaan kan word, was steeds suiwer en bo die gemiddelde, terwyl hy oor 'n duide=like en leesbare handskrif beskik het. Wanneer sy latere ontwikkelingsgang as jongman, volwasse ambagsman, spoorweg=amptenaar, argitek en hoof van 'n staatsdepartement in oënskou geneem word, is dit baie duidelik dat sy formele en basiese laerskoolonderrig deeglik moes gewees het. Sy kennis van Duits, Frans en Engels, tesame met sy algemene veelsydige ontwikkeling, is mettertyd deur selfstudie verwerf. Deurdat sy aanvangs- en laerskoolonderwys in Hemrik en Wijnjeterp of waar ook al in Friesland, betreklik heg en deeglik gelê was, het hy blykbaar geen moeite ondervind om in die jare daarna verder voort te bou op 'n grondslag wat op laerskool taamlik deeglik gelê was. Wat egter in die geval van Sytze Wierda nie buite rekening gelaat moet word nie, is dat hy blykbaar nie net 'n redelik deeglike aanvangsonderwys geniet het en buitengewoon intelligent was nie, maar dat hy ook oor 'n opmerklike werkywer, werk- en deursettings=vermoë beskik het.

Wanneer die vraag gestel word in hoeverre die kinders van Wopke Wierda, die los-vas arbeider op boerderye of by ander werkgewers, en iemand wat beskik het oor 'n mate van vakbekwaamheid as huisslagter in die herfs- en wintermaande, in die geleentheid verkeer het om onderwys in die mees elementêre kundighede te geniet, moet daar verklaar word dat die Wierda-kinders, veral Sytze Wierda, maar in 'n mindere mate ook Antje Wierda (1835-1906), redelike goeie gebruik van hul onderwysgeleenthede gemaak het en dat die jongste Wierda-seun in sy lewe en werk in staat gestel was om sy man te staan waar hy hom ook al in sy na-skoolse jare bevind het. Deur voortgesette selfstudie het hy selfs daarin geslaag om bo baie van sy tydgenote uit te styg en verantwoordelike posisies te beklee tot volle tevredenheid van sy private werkgewers en die regeringsinstansies in sy geboorteland en in sy tweede vaderland, die Zuid-Afrikaansche Republiek.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 2. VAN „KRULLENJONGEN" TOT VOLWAARDIGE TIMMERMAN, 1851/52-1862

Die vyftigerjare van die vorige eeu - net soos trouens die veertigerjare - was 'n dekade waaromtrent gegewens oor die lewe en werk van Sytze Wierda ook uiters skraal is. Waar daar oor sy jeug- en skooljare in Hemrik en Wijnjeterp of elders op hierdie stadium nie veel met sekerheid meegedeel kan word nie, is dit ook die geval met sy verblyf as werkende, werklose en selfstuderende jongman agtereenvolgens in Wijn=jeterp, Appelscha, Wijnjeterp, Groningen, Winsum en weer 'n keer in Wijnjeterp, voor sy verhuising na Drachten in 1862. Vanaf die oomblik dat hy die skoolbanke vaarwel toegeroep en as timmermansleerling begin werk het, totdat hy as opge=leide timmerman hom op drie-en-twintigjarige leeftyd in Drachten, die tuisdorp van sy verloofde, gaan vestig het, kan sy bewegings in sekere jare weliswaar vasgestel word, maar in verband met die presiese aanvang van sy timmermansleer=lingskap, sy werkgewers, sy onderrig in die timmervak en bou=kunde deur praktiese ervaring, sowel as deur middel van deel- en heeltydse studie, en die bouprojekte waaraan hy in die loop van die jare op verskillende plekke verbonde was, moet daar staatgemaak word op afleidings en gissings. Wanneer hyself in 1882 skrywe dat „myn opleiding was practisch en theoretisch beide en ik macht al vroeg het voorrecht genieten in een positie te geraken by de reeds verkregen kennis telkens meerdere te voegen",[26] dan bly dit tot op hierdie stadium feitlik 'n onbegonne taak om presies aan te dui wanneer, waar en by wie sy praktiese opleiding in die timmervak begin het. Ten opsigte van die tydperk tot in die eerste helfte van die sestigerjare bestaan daar ook feitlik geen gegewens oor die „theoretisch opleiding" wat hy geniet het. Die vraag of sy mededeling in 1882 betrekking gehad het op die tydperk van die vyftiger- en vroeg-sestigerjare, of die twee dekades wat op 1862 gevolg het, kan op hierdie stadium ook nie met seker=heid beantwoord word nie. Ofskoon daar nie met sekerheid vasgestel kan word nie waarna hy verwys het waar hy geskrywe het dat hy „al vroeg" die voorreg geniet het om „in een

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



positie te geraken", weet ons nietemin dat hy in 'n posisie gekom het om algaande „by de reeds verkregen kennis telkens meerdere te voegen."

i. „Krullenjongen" in Wijnjeterp en elders

In die lig van die feit dat kinderarbeid omstreeks 1850 nog vry algemeen in Friesland, soos elders in Nederland en die omliggende lande, voorgekom het,[27] moet daar rekening gehou word met die moontlikheid dat Sytze Wierda reeds op jeugdige leeftyd in 'n Wijnjeterpse timmermanswinkel deur sy ouers kon geplaas gewees het. Dit is egter meer waarskynlik dat hy eers sy sesjarige laerskoolloopbaan, wat hy in Hemrik (of Beetsterzwaag) begin het, in Wijnjeterp (of Beetsterzwaag of Appelscha) afgesluit het, en toe op twaalf- of dertien-jarige leeftyd as timmermansleerling by 'n plaaslike of naby-gevestigde timmerman in diens getree het.

Ten tyde van die volkstelling van 1839 was daar net een opgeleide timmerman in Wijnjeterp woonagtig. Hy was die ses-en-dertigjarige Hoppe Jans Tiesema (ook geskrywe Tiezema), wat oorspronklik van Ureterp afkomstig was en in 1839 in huis nr. 34C gewoon het.[28] Aangesien een vertelling lui dat Sytze Wierda op 'n keer in diens was van 'n sekere Wietsema in Wijnjeterp,[29] mag sy werkgewer dieselfde persoon gewees het wat teen die einde van die veertigerjare in huis nr. 34C gewoon en die beroep van timmerman beoefen het.

Behalwe die één volwaardige timmerman, was daar in die geboortejaar van Sytze Wierda twee timmerknegte in Wijneterp werksaam. In huis nr. 34 het die twintigjarige Libbe Durks van der Meulen, oorspronklik afkomstig van Drachten, gewoon en in huis nr. 44 die agt-en-sewentigjarige Hannie (of Honnee) Everts van der Schaaf. Sy vorige woonplek was Lippenhuizen. Tiesema, Van der Meulen en Van der Schaaf was trouens ook die enigste drie timmerliede uit 'n inwonertal van 127 volwasse mans wat toentertyd in Wijnjeterp woonagtig was.[30] Toe Sytze Wierda vroeg in die vyftigerjare vermoedelik in Wijnjeterp as „timmerknecht" begin werk het, was Tiesema en Van der Meulen nog daar as timmermanne werksaam.[31] Wat in

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hierdie verband van belang is om in gedagte te hou, is dat daar in die eerste helfte van die vyftigerjare in Wijnjeterp timmerliede werksaam was by wie Sytze Wierda as „krullenjongen" in diens kon getree het.

ii. Sytze Wierda in Appelscha

Ofskoon Wijnjeterp as die plek en Tiesema (of Wietsema) as die timmerman genoem word waar en by wie Sytse Wierda om= streeks 1851/52 as „krullenjongen" kon begin werk het, be= staan daar meer sekerheid oor die besondere plek wat Appelscha in sy opleiding as timmerman ingeneem het. Die heel eerste vasstaande feit in verband met sy beroep, die jaar waarin hy daardie beroep beoefen het en waar dit geskied het, kom voor in een van die bylaes by die huweliksakte van Sytze Wopkes Wierda en Harmke Tjibbeles Kamp, wat in 1862, kort voor die huweliksvoltrekking in gereedheid gebring is.[32] Die betrokke bylae het betrekking op die loting vir die „Nationale Militie, Provincie Friesland" in 1858. Daaruit blyk dat Sytze Wierda, gebore te Hemrik op 28 April (sic) 1839 en „wonende te Appel= scha, van beroep timmerknecht en zoon van Wopke Wierda en Pietertje Roelofs de Vries, wonende te Wijnjeterp", „van het jaar 1858 voor de ligting van het jaar 1858 is ingeschreven" en dat by die loting nr. 68 aan hom toegeken is. Hy is egter deur die „Militieraad" uit hoofde van „broederdienst"[33] van die verpligte militêre opleiding vrygestel.

Die verklaring van die Kommissaris op 24 Februarie 1862 het dus betrekking op die jaar 1858, toe die vader, Wopke Wierda, nog in Wijnjeterp in die lewe was. Hieruit kom duidelik aan die lig dat Sytze Wierda in 1858 - die jaar voor sy vader se oorlye op 12 Julie 1859 te Wijnjeterp - op negentienjarige leeftyd die beroep van timmermansleerling in die nabygeleë Appelscha beoefen het.

Die vraag of sy opleiding as timmerman te Wijnjeterp of in Appelscha, of selfs elders, begin het, kan egter op hierdie stadium nie met enige sekerheid beantwoord word nie. Daar bestaan ook geen sekerheid in watter jaar hy as „krullen= jongen" begin werk het en by watter timmerman hy aanvanklik

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in diens getree het. Indien hy as timmerkneg in Wijnjeterp of elders begin werk het, kan die vraag op watter tydstip hy na Appelscha verhuis en daar in diens van 'n timmerman getree het, ook nie beantwoord word nie. Die vermoede is egter dat hy as „krullenjongen" in Wijnjeterp begin werk het en dat hy in die loop van die tweede helfte van die vyftiger= jare na Appelscha verhuis het. Dit is 'n dorp in die munisipaliteit van Ooststellingwerf, waarna reeds vroeër ver= wys is, met verskillende „buurtschappen", onder andere, Oud-Appelscha, Appelscha aan de Vaart ('n veenkolonie) en Hoog-Appelscha.[34]

'n Verklaring vir sy verhuising na Appelscha in die loop van die vyftigerjare en sy indienstreding by 'n plaaslike timmerman, mag miskien gesoek word in die feit dat een van sy ooms, na wie hy in een van sy briewe verwys as „Oom Aebele van Appelscha", op laasgenoemde plek woonagtig was. Die verblyf van sy oom op Appelscha het vermoedelik daartoe by= gedra dat Sytze Wierda op Appelscha gaan werk het. Die moontlikheid moet in gedagte gehou word dat Sytze by sy oom gaan inwoon het en - in geval sy oom 'n timmerman was - ook by hom in diens getree het of deur hom aan 'n betrekking ge= help is. „Oom Aebele" is in 1880 oorlede. In Mei van daardie jaar skrywe Sytze Wierda vanuit Amsterdam aan sy swaer en suster Antje van den Bos en verwys, onder andere, na „het overlijden van Oom Aebele van Appelscha kort na onze geliefde moeder...."[35] In hierdie verband kan die vraag dus gestel word of Sytze Wierda in die vyftigerjare nie miskien deur die toedoen of op aandrang van sy oom Aebele na Appelscha verhuis het waar hy 'n werk as timmermansleerling gekry en terselfdertyd by sy oom en tante ingewoon het. Daar bestaan ook 'n moontlikheid dat „Oom Aebele" self 'n timmerman van beroep was en dat Sytze 'n gedeelte - indien nie die begin nie - van sy timmermansopleiding by „Oom Aebele van Appelscha" geniet het.

In hierdie verband moet die aandag ook gevestig word op die feit dat daar 'n „openbare school" in Appelscha was. Waar

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die Appelschase staatskool in 1822 alleen gedurende die wintermaande aan die gang was, het dit in Desember 1871 398 leerlinge gehad.[36] Die vraag moet hier gestel word of Sytze Wierda nie miskien 'n gedeelte van sy skoolopleiding in Appelscha geniet het en mettertyd op dieselfde plek 'n aanvang met sy opleiding as timmerman gemaak het.

iii. Terug na Wijnjeterp

Die vermoede is dat die siekte en oorlye van Wopke Wierda op 12 Julie 1859 tot gevolg gehad het dat die twintigjarige timmermansleerling sy leerlingskap op Appelscha onderbreek en na sy ouerhuis te Wijnjeterp teruggekeer het ten einde sy moeder by te staan. Feit is dat ten tyde van die volkstel= ling van 1859 Sytze Wierda in Wijnjeterp woonagtig was en dat daar ten opsigte van „beroep of middelen van bestaan" die inskrywing „geen" voorkom.[37]

In 1859, omstreeks die tyd van die tienjaarlikse volks= telling, was daar dus 'n tydperk in die lewe van Sytze Wierda waarin hy geen beroep uitgeoefen en geen middele van bestaan gehad het nie. Dit mag wees dat hy hom vir ongeveer twee jaar in sy ouerlike woning te Wijnjeterp, voor en na die oor= lye van sy vader, met selfstudie in die boukunde besig gehou het. Dit is egter net 'n vermoede want dit mag wees dat hy tot met sy vertrek na Groningen in November 1860 in Wijnjeterp of elders in die omgewing by 'n timmerman werksaam was of een of ander tekenskool bygewoon het. Die „werklose" Wijn= jeterpse periode in sy lewe het egter tot 'n einde gekom toe hy teen die einde van 1860 vir die eerste keer in sy lewe die grens van die provinsie Friesland oorgesteek en noordwaarts na die stad Groningen verhuis het.

iv. Kortstondige verblyf in Groningen

Die vraag of Sytze Wierda tydens sy tweede verblyf in Wijnjeterp, ná sy terugkeer uit Appelscha en vóór sy vertrek na Groningen, werkloos of tydelik in Wijnjeterp werksaam was, of dat hy hom vir 'n tyd lank in sy ouerlike woning, nr. 45, aan selfstudie van die boukuns gewy of selfs 'n tekenskool of -instituut bygewoon het, kan nie met sekerheid beantwoord

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die Appelschase staatskool in 1822 alleen gedurende die wintermaande aan die gang was, het dit in Desember 1871 398 leerlinge gehad.[36] Die vraag moet hier gestel word of Sytze Wierda nie miskien 'n gedeelte van sy skoolopleiding in Appelscha geniet het en mettertyd op dieselfde plek 'n aanvang met sy opleiding as timmerman gemaak het.

iii. Terug na Wijnjeterp

Die vermoede is dat die siekte en oorlye van Wopke Wierda op 12 Julie 1859 tot gevolg gehad het dat die twintigjarige timmermansleerling sy leerlingskap op Appelscha onderbreek en na sy ouerhuis te Wijnjeterp teruggekeer het ten einde sy moeder by te staan. Feit is dat ten tyde van die volkstel= ling van 1859 Sytze Wierda in Wijnjeterp woonagtig was en dat daar ten opsigte van „beroep of middelen van bestaan" die inskrywing „geen" voorkom.[37]

In 1859, omstreeks die tyd van die tienjaarlikse volks= telling, was daar dus 'n tydperk in die lewe van Sytze Wierda waarin hy geen beroep uitgeoefen en geen middele van bestaan gehad het nie. Dit mag wees dat hy hom vir ongeveer twee jaar in sy ouerlike woning te Wijnjeterp, voor en na die oor= lye van sy vader, met selfstudie in die boukunde besig gehou het. Dit is egter net 'n vermoede want dit mag wees dat hy tot met sy vertrek na Groningen in November 1860 in Wijnjeterp of elders in die omgewing by 'n timmerman werksaam was of een of ander tekenskool bygewoon het. Die „werklose" Wijn= jeterpse periode in sy lewe het egter tot 'n einde gekom toe hy teen die einde van 1860 vir die eerste keer in sy lewe die grens van die provinsie Friesland oorgesteek en noordwaarts na die stad Groningen verhuis het.

iv. Kortstondige verblyf in Groningen

Die vraag of Sytze Wierda tydens sy tweede verblyf in Wijnjeterp, ná sy terugkeer uit Appelscha en vóór sy vertrek na Groningen, werkloos of tydelik in Wijnjeterp werksaam was, of dat hy hom vir 'n tyd lank in sy ouerlike woning, nr. 45, aan selfstudie van die boukuns gewy of selfs 'n tekenskool of -instituut bygewoon het, kan nie met sekerheid beantwoord

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



word nie. Waaroor daar wel sekerheid bestaan is dat hy ten tyde van die volkstelling van 1859 sonder enige beroep of middele van bestaan in Wijnjeterp gewoon het en dat hy Wijn= jeterp op 9 November 1860 verlaat het en sy naam op daardie datum na die bevolkingsregister van Groningen „afgevoer" is.

In Groningen het hy tuisgegaan in 'n soort losieshuis, wat aan die „Vischmarkt,Wyk F, Nr. 95 A" geleë was. Daar het hy vanaf sy aankoms in Groningen op 11 November 1860 tuisge= gaan tot met sy vertrek na Winsum op 13 Maart 1861. Die hoof van die huis aan die „Vischmarkt", waar in die loop van 'n hele aantal jare arbeiders en vakmanne van elders - „koper= slagers", timmermanne, stukadore, skoenmakers en kleremakers - tuisgegaan het, was Andreas van den Velde, 'n Rooms-Katoliek en van beroep 'n „koordslagersknecht". Hy is gebore op 25 Januarie 1793 en sy vrou, Maria van Lingen, ook 'n lidmaat van die Rooms-Katolieke Kerk, op 19 Mei 1799. Albei van hulle was Groningers van geboorte. In die loop van die vier maande waartydens Sytze Wierda by die Van den Velde-gesin tuisgegaan het, het daar ook 'n paar timmerknegte saam met hom ingewoon. Die mense uit verskillende oorde waarmee hy tydens sy verblyf by die Van den Velde-gesin kennis gemaak het, was, onder andere, Wilhelm Remmens, 'n ses-en-twintig= jarige Rooms-Katoliek, ongetroud, en afkomstig van Hannover, en 'n „knecht" van beroep; Justus Roelofs Janssen, ook 'n timmermanskneg, vyf-en-twintig jaar oud, ook ongetroud en ook afkomstig van Hannover, maar in teenstelling met Remmens, en ander, 'n lidmaat van die Nederlands Hervormde Kerk; en laas= tens, Hubertus Nap, 'n ses-en-twintigjarige Groninger, ongetroud en van beroep 'n timmermanskneg.

Sytze Wierda, die timmermanskneg, wat op een-en- twintigjarige leeftyd vermoedelik vir die eerste keer kennis gemaak het met 'n groot stad, het vanaf November 1860 tot Maart van die volgende jaar, kort na sy twee-en-twintigste verjaarsdag, in 'n omgewing tuisgegaan waar hy kennis gemaak het met ongetroude timmerknegte en arbeiders.[38]

Dit is opmerklik dat Duitsers uit Hannover en elders, in Groningen gewerk het, waarvan sommige gewoon het in

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



word nie. Waaroor daar wel sekerheid bestaan is dat hy ten tyde van die volkstelling van 1859 sonder enige beroep of middele van bestaan in Wijnjeterp gewoon het en dat hy Wijn=jeterp op 9 November 1860 verlaat het en sy naam op daardie datum na die bevolkingsregister van Groningen „afgevoer" is.

In Groningen het hy tuisgegaan in 'n soort losieshuis, wat aan die „Vischmarkt,Wyk F, Nr. 95 A" geleë was. Daar het hy vanaf sy aankoms in Groningen op 11 November 1860 tuisge=gaan tot met sy vertrek na Winsum op 13 Maart 1861. Die hoof van die huis aan die „Vischmarkt", waar in die loop van 'n hele aantal jare arbeiders en vakmanne van elders - „koper=slagers", timmermanne, stukadore, skoenmakers en kleremakers - tuisgegaan het, was Andreas van den Velde, 'n Rooms-Katoliek en van beroep 'n „koordslagersknecht". Hy is gebore op 25 Januarie 1793 en sy vrou, Maria van Lingen, ook 'n lidmaat van die Rooms-Katolieke Kerk, op 19 Mei 1799. Albei van hulle was Groningers van geboorte. In die loop van die vier maande waartydens Sytze Wierda by die Van den Velde-gesin tuisgegaan het, het daar ook 'n paar timmerknegte saam met hom ingewoon. Die mense uit verskillende oorde waarmee hy tydens sy verblyf by die Van den Velde-gesin kennis gemaak het, was, onder andere, Wilhelm Remmens, 'n ses-en-twintig=jarige Rooms-Katoliek, ongetroud, en afkomstig van Hannover, en 'n „knecht" van beroep; Justus Roelofs Janssen, ook 'n timmermanskneg, vyf-en-twintig jaar oud, ook ongetroud en ook afkomstig van Hannover, maar in teenstelling met Remmens, en ander, 'n lidmaat van die Nederlands Hervormde Kerk; en laas=tens, Hubertus Nap, 'n ses-en-twintigjarige Groninger, ongetroud en van beroep 'n timmermanskneg.

Sytze Wierda, die timmermanskneg, wat op een-en-twintigjarige leeftyd vermoedelik vir die eerste keer kennis gemaak het met 'n groot stad, het vanaf November 1860 tot Maart van die volgende jaar, kort na sy twee-en-twintigste verjaarsdag, in 'n omgewing tuisgegaan waar hy kennis gemaak het met ongetroude timmerknegte en arbeiders.[38]

Dit is opmerklik dat Duitsers uit Hannover en elders, in Groningen gewerk het, waarvan sommige gewoon het in

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dieselfde huis waar Sytze Wierda vir 'n tyd lank geloseer het. Die buitelandse vakmanne en arbeiders waarvan sommige slegs vir 'n gedeelte van die jaar as trekarbeiders in Nederland gaan werk het, „konden", volgens 'n kenner van die Nederlandse arbeidersklasse, - „niet met vrouw en kinderen belast (of as ongetroudes) - goedkoop met kameraden in een kosthuis wonen."[39] Met hierdie ongetroude buitelandse vak=manne en ongeskoolde arbeiders het Sytze Wierda destyds in Groningen kennis gemaak. Die saamwoon en daaglikse omgang - en moontlik ook saamwerk - met Duitsers uit Hannover en elders, het Sytze Wierda vermoedelik goed te staan gekom in sy bemagtiging van Duits. Aangesien hy in sy latere lewe blyke gegee het van 'n betreklike deeglike kennis van gesproke en geskrewe Duits, kan die afleiding gemaak word dat hy waar=skynlik tydens sy Groningse tydperk begin kennis maak het met die Duitse taal en mettertyd in die geleentheid verkeer het om sy studie van die Duitse en ander Europese tale voort te sit. Hy het blykbaar 'n natuurlike aanleg vir taalstudie gehad, want benewens Fries, Nederlands en Duits, was hy ook Engels en Frans magtig.

Die omstandighede wat daartoe gelei het dat Sytze Wierda vanaf November 1860 tot in Maart 1861 in die stad Groningen as timmermanskneg gaan werk het en die identiteit van die persoon deur wie se tussnkoms, aandrang en aanmoediging hy na die groot stad in die noorde van Nederland gegaan het, is nie bekend nie. Dit is op hierdie stadium ook onbekend in wie se diens hy as timmermanskneg getree het en of hy aan een of ander bouprojek of in 'n timmermanswinkel in die barre wintermaande van 1860/61 werksaam was.

Die moontlikheid bestaan dat die leergierige Sytze Wierda, wie se opleiding prakties en teoreties was en wat steeds besig was om by sy verworwe kennis, nuwe kennis te vergaar, gebruik gemaak het van die geleentheid wat daar destyds in Groningen bestaan het om deur middel van na-uurse opleiding sy teoretiese kennis van die timmermansvak en boukunde uit te brei.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dieselfde huis waar Sytze Wierda vir 'n tyd lank geloseer het. Die buitelandse vakmanne en arbeiders waarvan sommige slegs vir 'n gedeelte van die jaar as trekarbeiders in Nederland gaan werk het, „konden", volgens 'n kenner van die Nederlandse arbeidersklasse, - „niet met vrouw en kinderen belast (of as ongetroudes) - goedkoop met kameraden in een kosthuis wonen."[39] Met hierdie ongetroude buitelandse vak=manne en ongeskoolde arbeiders het Sytze Wierda destyds in Groningen kennis gemaak. Die saamwoon en daaglikse omgang - en moontlik ook saamwerk - met Duitsers uit Hannover en elders, het Sytze Wierda vermoedelik goed te staan gekom in sy bemagtiging van Duits. Aangesien hy in sy latere lewe blyke gegee het van 'n betreklike deeglike kennis van gesproke en geskrewe Duits, kan die afleiding gemaak word dat hy waar=skynlik tydens sy Groningse tydperk begin kennis maak het met die Duitse taal en mettertyd in die geleentheid verkeer het om sy studie van die Duitse en ander Europese tale voort te sit. Hy het blykbaar 'n natuurlike aanleg vir taalstudie gehad, want benewens Fries, Nederlands en Duits, was hy ook Engels en Frans magtig.

Die omstandighede wat daartoe gelei het dat Sytze Wierda vanaf November 1860 tot in Maart 1861 in die stad Groningen as timmermanskneg gaan werk het en die identiteit van die persoon deur wie se tussnkoms, aandrang en aanmoediging hy na die groot stad in die noorde van Nederland gegaan het, is nie bekend nie. Dit is op hierdie stadium ook onbekend in wie se diens hy as timmermanskneg getree het en of hy aan een of ander bouprojek of in 'n timmermanswinkel in die barre wintermaande van 1860/61 werksaam was.

Die moontlikheid bestaan dat die leergierige Sytze Wierda, wie se opleiding prakties en teoreties was en wat steeds besig was om by sy verworwe kennis, nuwe kennis te vergaar, gebruik gemaak het van die geleentheid wat daar destyds in Groningen bestaan het om deur middel van na-uurse opleiding sy teoretiese kennis van die timmermansvak en boukunde uit te brei.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## v. Die „volksindustrieschool" van Groningen

Indien Sytze Wierda in die loop van sy vier ~~maande-lange~~ winterverblyf in die stad Groningen doelbewus sy teoretiese kennis van timmerwerk en boukunde wou uitbrei, het die plaaslike „volksindustrieschool" hom daartoe die gulde ge= leentheid gebied.

In samewerking met die „Akademie Minerva" en die Gro= ningse tak van die „Maatschappij tot Nut van 't Algemeen" is in die tweede helfte van die dertigerjare van die negentiende eeu deur die „Maatschappij van Nijverheid" te Groningen oor= gegaan tot die stigting van 'n „volksindustrieschool". Die doel van hierdie instelling was om 'n sekere tipe onderwys te voorsien aan die „nijvere klasse van ambachts- en handwerks= lieden", veral aan diegene wat 'n ambag of handwerk beoefen het. Die bedoeling was dat dié soort skool 'n bydrae kon lewer tot die verhoging van die vaktegniese peil van die werkende stand.

Die onderrig wat in die aande na werk gegee is, was suiwer teoreties van aard en dit was feitlik uitsluitlik lede van die werkende stand, ambagsmanne en toekomstige ambags= manne, wat die lesse bygewoon het. Naas die verteenwoor= digers van 'n groot verskeidenheid beroepe, was dit veral timmermans, wie se ouderdomme tussen 12 en 43 jaar gewissel het, wat hul teoretiese kennis op hul vakgebied uitgebrei het.

Indien die „volksindustrieschool" te Groningen dieselfde soort vakke as dié van Rotterdam en Middelburg in daardie jare aangebied het, sou die Groningse leerlinge, wat meesal ook uit die arbeidende klasse afkomstig was, onderrig in rekenkunde, die grondslae van stel- en meetkunde, werktuig= kunde, natuurkunde, meetkundige tekene en reglynige tekene kon gekry het. Onder teken was die vervaardiging van kon= struksies, messelverbande en houtverbindings inbegrepe.

Die Groningse „volksindustrieschool" het tot in 1863 bestaan toe dit van toe af - net soos dié een in Middelburg - as 'n „burgeravondschool" voortgesit is.[40]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## V. Die „volksindustrieschool" van Groningen

Indien Sytze Wierda in die loop van sy vier maande-lange winterverblyf in die stad Groningen doelbewus sy teoretiese kennis van timmerwerk en boukunde wou uitbrei, het die plaaslike „volksindustrieschool" hom daartoe die gulde ge= leentheid gebied.

In samewerking met die „Akademie Minerva" en die Gro= ningse tak van die „Maatschappij tot Nut van 't Algemeen" is in die tweede helfte van die dertigerjare van die negentiende eeu deur die „Maatschappij van Nijverheid" te Groningen oor= gegaan tot die stigting van 'n „volksindustrieschool". Die doel van hierdie instelling was om 'n sekere tipe onderwys te voorsien aan die „nijvere klasse van ambachts- en handwerks= lieden", veral aan diegene wat 'n ambag of handwerk beoefen het. Die bedoeling was dat dié soort skool 'n bydrae kon lewer tot die verhoging van die vaktegniese peil van die werkende stand.

Die onderrig wat in die aande na werk gegee is, was suiwer teoreties van aard en dit was feitlik uitsluitlik lede van die werkende stand, ambagsmanne en toekomstige ambags= manne, wat die lesse bygewoon het. Naas die verteenwoor= digers van 'n groot verskeidenheid beroepe, was dit veral timmermans, wie se ouderdomme tussen 12 en 43 jaar gewissel het, wat hul teoretiese kennis op hul vakgebied uitgebrei het.

Indien die „volksindustrieschool" te Groningen dieselfde soort vakke as dié van Rotterdam en Middelburg in daardie jare aangebied het, sou die Groningse leerlinge, wat meesal ook uit die arbeidende klasse afkomstig was, onderrig in rekenkunde, die grondslae van stel- en meetkunde, werktuig= kunde, natuurkunde, meetkundige tekene en reglynige tekene kon gekry het. Onder teken was die vervaardiging van kon= struksies, messelverbande en houtverbindings inbegrepe.

Die Groningse „volksindustrieschool" het tot in 1863 bestaan toe dit van toe af - net soos dié een in Middelburg - as 'n „burgeravondschool" voortgesit is.[40]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Toe daar in die loop van die vyftigerjare by die ouers van Sytze Wierda en by homself 'n behoefte ontstaan het aan 'n opleidingsinrigting waar hy hom in die teoretiese aspekte van die timmermansambag en boukunde verder kon bekwaam, was die destyds bestaande tekenskole en volksindustrieskole vir jongelui uit die arbeiderstand, feitlik die enigste institute in Nederland wat in hul opleidingsbehoeftes kon voorsien. Vir 'n leergierige timmermansleerling, wat in Opsterland ge=bore is en grootgeword het, was die „volksindustrieschool" van Groningen, te midde van die groot stad met sy werkgeleent=hede, die aangewese opleidingsinstituut met sy „winteravond=onderwijs". Aangesien teken- en konstruksievaardigheid 'n vereiste vir goeie vakmanskap op die gebied van timmerwerk en boukunde was, het die volksindustrieskool te Groningen die ge=leentheid gebied waardeur Sytze Wierda daardie noodsaaklike vaardighede, waarvan hy reeds in die sestigerjare blyke gegee het, kon ontwikkel.

Of Sytze Wierda tydens sy vier maande-lange verblyf van die beskikbare „winteravondonderwijs" te Groningen gebruik ge=maak het, berus alleen op 'n vermoede en daarom bly die Groningse tydperk in sy lewe - met die uitsondering van sy woonplek, die persone saam met wie hy gewoon het en sy tyde=like verblyf as timmermanskneg in die stad Groningen - grotendeels 'n geslote boek.

## vi. Verblyf in Winsum

Na 'n verblyf van ~~vier maande~~ in Groningen, het Sytze Wierda op 13 Maart 1861 na die dorpie Winsum, ten noorde van Groningen, verhuis. In die bevolkingsregister van Groningen staan 'n aantekening waarin vermeld word dat sy wettige domisilie Opsterland in die provinsie Friesland was. In die bevolkingsregister van Winsum word, ten opsigte van die jare 1860 tot 1870, van Sytze Wopkes Wierda gesê dat hy op 29 (sic) Februarie 1839 gebore en lidmaat van die Nederduitsch Her=vormde Kerk is, van beroep 'n „timmermansknecht" en woon=agtig te Obergum 108. In die betrokke register staan nie vermeld, blykens 'n brief van die Gemeentesekretaris, wanneer

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Toe daar in die loop van die vyftigerjare by die ouers van Sytze Wierda en by homself 'n behoefte ontstaan het aan 'n opleidingsinrigting waar hy hom in die teoretiese aspekte van die timmermansambag en boukunde verder kon bekwaam, was die destyds bestaande tekenskole en volksindustrieskole vir jongelui uit die arbeiderstand, feitlik die enigste institute in Nederland wat in hul opleidingsbehoeftes kon voorsien. Vir 'n leergierige timmermansleerling, wat in Opsterland gebore is en grootgeword het, was die „volksindustrieschool" van Groningen, te midde van die groot stad met sy werkgeleenthede, die aangewese opleidingsinstituut met sy „winteravondonderwijs". Aangesien teken- en konstruksievaardigheid 'n vereiste vir goeie vakmanskap op die gebied van timmerwerk en boukunde was, het die volksindustrieskool te Groningen die geleentheid gebied waardeur Sytze Wierda daardie noodsaaklike vaardighede, waarvan hy reeds in die sestigerjare blyke gegee het, kon ontwikkel.

Of Sytze Wierda tydens sy vier maande-lange verblyf van die beskikbare „winteravondonderwijs" te Groningen gebruik gemaak het, berus alleen op 'n vermoede en daarom bly die Groningse tydperk in sy lewe - met die uitsondering van sy woonplek, die persone saam met wie hy gewoon het en sy tydelike verblyf as timmermanskneg in die stad Groningen - grotendeels 'n geslote boek.

vi. <u>Verblyf in Winsum</u>

Na 'n verblyf van ~~vier maande~~ in Groningen, het Sytze Wierda op 13 Maart 1861 na die dorpie Winsum, ten noorde van Groningen, verhuis. In die bevolkingsregister van Groningen staan 'n aantekening waarin vermeld word dat sy wettige domisilie Opsterland in die provinsie Friesland was. In die bevolkingsregister van Winsum word, ten opsigte van die jare 1860 tot 1870, van Sytze Wopkes Wierda gesê dat hy op 29 (sic) Februarie 1839 gebore en lidmaat van die Nederduitsch Hervormde Kerk is, van beroep 'n „timmermansknecht" en woonagtig te Obergum 108. In die betrokke register staan nie vermeld, blykens 'n brief van die Gemeentesekretaris, wanneer

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Sytze Wierda in Winsum gaan woon het nie en ook nie op watter datum hy weer vertrek het nie, terwyl daar in die register van 1870 tot 1880 geen verdere vermelding van die naam Sytze Wierda voorkom nie.

In sy brief het die Gemeentesekretaris van Winsum verder as volg geskrywe: „Volgens onze gegevens is betrokkene in huis geweest by Jan Jans Timmer, van beroep timmerman. Momenteel wonen er nog 2 kleinzoons van deze Timmer in Winsum, nl. een steenfabrikant en een betonfabrikant. By informatie by één van deze heren is gebleken dat hy nimmer van een Sietze Wopkes Wierda heeft gehoord."[41]

Uit bostaande mededeling mag afgelei word dat Sytze Wierda nie net by die timmerman, Jan Jans Timmer, van Winsum - Obergum 108, ingewoon het nie, maar dat hy vermoede=lik ook by hom as timmerkneg werksaam was. In teenstelling met sy verblyf in Groningen, waaromtrent geen gegewens opge=spoor kon word in verband met sy werkgewer en die bouprojekte waaraan hy werksaam was nie, bestaan die moontlikheid dat hy in Winsum by timmerman Timmer werksaam kon gewees het. Ander=sins bestaan daar geen inligting oor sy verdere doen en late in Winsum nie.

vii. <u>Weer 'n keer terug in Wijnjeterp</u>

Uit die bevolkingsregister van Wijnjeterp vir die jare 1860 tot 1870 blyk dit dat die naam van Sietze Wopkes Wierda op 1 Desember 1861 daarin vermeld staan, naas dié van sy wedu=wee-moeder, Pietertje Roelofs de Vries, wie se beroep op daar=die stadium as „landbouwerske" aangegee word. Verder word die name van sy broer, Sjerp Wopkes Wierda, en sy susters, Antje Wopkes Wierda en Hetje (Hebeltje) Wopkes Wierda ook aangegee. Sjerp Wierda, wat in Desember 1861 geen beroep beoefen het nie, het op 12 Mei 1864 na Oosterwolde verhuis, waar hy as arbeider gaan werk het. Antje Wierda, op daardie stadium nog ongetroud en 'n naaister van beroep, het op 'n ongemelde datum ook na Oosterwolde verhuis. Van Hetje Wierda word in Desember 1861 net gemeld dat sy sonder beroep was. Roelof Wierda was op daardie tydstip ook in Oosterwolde,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Sytze Wierda in Winsum gaan woon het nie en ook nie op watter datum hy weer vertrek het nie, terwyl daar in die register van 1870 tot 1880 geen verdere vermelding van die naam Sytze Wierda voorkom nie.

In sy brief het die Gemeentesekretaris van Winsum verder as volg geskrywe: „Volgens onze gegevens is betrokkene in huis geweest by Jan Jans Timmer, van beroep timmerman. Momenteel wonen er nog 2 kleinzoons van deze Timmer in Winsum, nl. een steenfabrikant en een betonfabrikant. By informatie by één van deze heren is gebleken dat hy nimmer van een Sietze Wopkes Wierda heeft gehoord."[41]

Uit bostaande mededeling mag afgelei word dat Sytze Wierda nie net by die timmerman, Jan Jans Timmer, van Winsum - Obergum 108, ingewoon het nie, maar dat hy vermoede=lik ook by hom as timmerkneg werksaam was. In teenstelling met sy verblyf in Groningen, waaromtrent geen gegewens opge=spoor kon word in verband met sy werkgewer en die bouprojekte waaraan hy werksaam was nie, bestaan die moontlikheid dat hy in Winsum by timmerman Timmer werksaam kon gewees het. Ander=sins bestaan daar geen inligting oor sy verdere doen en late in Winsum nie.

vii. <u>Weer 'n keer terug in Wijnjeterp</u>

Uit die bevolkingsregister van Wijnjeterp vir die jare 1860 tot 1870 blyk dit dat die naam van Sietze Wopkes Wierda op 1 Desember 1861 daarin vermeld staan, naas dié van sy wedu=wee-moeder, Pietertje Roelofs de Vries, wie se beroep op daar=die stadium as „landbouwerske" aangegee word. Verder word die name van sy broer, Sjerp Wopkes Wierda, en sy susters, Antje Wopkes Wierda en Hetje (Hebeltje) Wopkes Wierda ook aangegee. Sjerp Wierda, wat in Desember 1861 geen beroep beoefen het nie, het op 12 Mei 1864 na Oosterwolde verhuis, waar hy as arbeider gaan werk het. Antje Wierda, op daardie stadium nog ongetroud en 'n naaister van beroep, het op 'n ongemelde datum ook na Oosterwolde verhuis. Van Hetje Wierda word in Desember 1861 net gemeld dat sy sonder beroep was. Roelof Wierda was op daardie tydstip ook in Oosterwolde,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



waarheen hy reeds in 1859 verhuis het.

Van Sytze Wierda word vermeld dat hy op 1 Desember 1861, ten tyde van die opname van die inligting, nog ongetroud was, lidmaat van die Nederduitsch Hervormde Kerk en van beroep 'n „timmermansleerling". Dan word nog ten slotte in die bevolkingsregister van Wijnjeterp vermeld dat hy op 12 Mei 1862 na Smallingerland verhuis het, dit wil sê na Drachten, waar sy verloofde, Harmke Tjibbeles Kamp gewoon het en met wie hy kort daarna in die huwelik sou tree.[42]

Blykbaar het Sytze Wierda in die loop van 1861 - presies wanneer is onbekend - van Winsum na Wijnjeterp teruggekeer het waar hy op 1 Desember 1861, ten tyde van die bevolkings=opname, gewoon, as timmermansleerling gewerk en bly woon het tot op 12 Mei 1862.

Deur jarelange praktiese ervaring in Wijnjeterp, Appelscha, Groningen en Winsum, en deur onderrig en self=studie in aspekte van die boukunde het hy hom egter in so 'n mate bekwaam dat hy in die eerste helfte van 1862 as 'n volwaar=dige en vakbekwame timmerman in Drachten begin werk het.

Opmerklik is dit dat Sytze Wierda in 1861/62, net soos voorheen in 1859/60, vir 'n tweede - en laaste - keer tydelik by sy moeder in Wijnjeterp ingewoon het. Die vraag kan gestel word of hy die twee geleenthede benut het om sy tyd en kragte aan die studie van die teoretiese aspekte van die timmervak en boukunde te wy, voordat hy hom in 1862 bekwaam geag het om as volwaardige timmerman sy brood te verdien en in die huwelik te tree. As gevolg van sy vestiging as timmerman in Drachten, sy huwelik, en sy omswerwinge daarna agter werk aan, sou dit die laaste keer wees dat Sytze Wierda op drie-en-twintigjarige leeftyd, by sy moeder, aan wie hy - soos blyk uit sy briewe - baie geheg was en wie hy liefgehad het, ingewoon het.

## 3. BRONNEVERWYSINGS EN TOELIGTENDE VOETNOTE

1. T.A.B., S.S. 1386, R.4189/82 (afskrif) by R.2693/87: S. Wierda - Driemanschap en Uitv. Raad, 2.6.1882, pp. 110-114; T.A.B., E.V.R. 243: S. Wierda - Driemanschap en Uitv. Raad, 2.6.1882, pp.191-195.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



waarheen hy reeds in 1859 verhuis het.

Van Sytze Wierda word vermeld dat hy op 1 Desember 1861, ten tyde van die opname van die inligting, nog ongetroud was, lidmaat van die Nederduitsch Hervormde Kerk en van beroep 'n „timmermansleerling". Dan word nog ten slotte in die bevolkingsregister van Wijnjeterp vermeld dat hy op 12 Mei 1862 na Smallingerland verhuis het, dit wil sê na Drachten, waar sy verloofde, Harmke Tjibbeles Kamp gewoon het en met wie hy kort daarna in die huwelik sou tree.[42]

Blykbaar het Sytze Wierda in die loop van 1861 - presies wanneer is onbekend - van Winsum na Wijnjeterp teruggekeer het waar hy op 1 Desember 1861, ten tyde van die bevolkings=opname, gewoon, as timmermansleerling gewerk en bly woon het tot op 12 Mei 1862.

Deur jarelange praktiese ervaring in Wijnjeterp, Appelscha, Groningen en Winsum, en deur onderrig en self=studie in aspekte van die boukunde het hy hom egter in so 'n mate bekwaam dat hy in die eerste helfte van 1862 as 'n volwaar=dige en vakbekwame timmerman in Drachten begin werk het.

Opmerklik is dit dat Sytze Wierda in 1861/62, net soos voorheen in 1859/60, vir 'n tweede - en laaste - keer tydelik by sy moeder in Wijnjeterp ingewoon het. Die vraag kan gestel word of hy die twee geleenthede benut het om sy tyd en kragte aan die studie van die teoretiese aspekte van die timmervak en boukunde te wy, voordat hy hom in 1862 bekwaam geag het om as volwaardige timmerman sy brood te verdien en in die huwelik te tree. As gevolg van sy vestiging as timmerman in Drachten, sy huwelik, en sy omswerwinge daarna agter werk aan, sou dit die laaste keer wees dat Sytze Wierda op drie-en-twintigjarige leeftyd, by sy moeder, aan wie hy - soos blyk uit sy briewe - baie geheg was en wie hy liefgehad het, ingewoon het.

## 3. BRONNEVERWYSINGS EN TOELIGTENDE VOETNOTE

1. T.A.B., S.S. 1386, R.4189/82 (afskrif) by R.2693/87: S. Wierda - Driemanschap en Uitv. Raad, 2.6.1882, pp. 110-114; T.A.B., E.V.R. 243: S. Wierda - Driemanschap en Uitv. Raad, 2.6.1882, pp.191-195.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2. G.A. (OPS.), B.A.: Volkstelling, Hemrik, 1839, p.26; K.A. (Ned. Herv. L.T.H.): Doopboek, Ned. Herv. Gem. Lippenhuizen, 1839.

3. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 3: J.J. Spahr van der Hoek - H.M. Rex, 24.10.1968.

4. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 3: J.J. Spahr van der Hoek - H.M. Rex, 24.10.1968; Herdenkings=commissie: Smellingera-land, pp.130, 137 en 339. Dr. Spahr van der Hoek, wat sonder enige twyfel die grootste kenner is van die Hemrikse en Wijnjeterpse geskiedenis en omgewing, het op my versoek inligting verstrek oor die tipe woning wat die Wierda-gesin in Hemrik en Wijnjeterp waarskynlik bewoon het. Hy het my aandag spesifiek op afbeeldings van vroeëre woon=huise op bll. 130, 137 en 339 van die boek „Smellingera-land" gevestig.

5. G.A. (OPS.), B.A.: Bevolkingsregister van Hemrik, 1849-1859, p.26.

6. G.A. (OPS.), B.A.: Bevolkingsregister van Wijnjeterp, p.74.

7. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 6: G.J.J. Liefting - H.M. Rex, 31.12.1968. Ds. Liefting was vir 'n tyd lank predikant op Wijnjeterp. Op my versoek het hy navraag gedoen oor die ligging van die Wierda-woning in die vyftigerjare van die vorige een en toe bostaande inligting van „een oom van mijn schoondochter" ontvang.

8. G.A. (OPS.), B.A.: Volkstelling, Hemrik, 1839.

9. G.A. (OPS.), B.A.: Volkstelling, Hemrik, 1849.

10. G.A. (OPS.), B.A.: Bevolkingsregister van Hemrik, 1849-1859, p.26, Bevolkingsregister van Wijnjeterp, 1849-1859, p.74.

11. L.W. de Bree: Het platteland leert lezen en schrijven, p.106.

12. G.A. Wumkes: Stads- en Dorpskroniek van Friesland II, onder die opskrif: Hemrik, 1822.

13. G.A. (OPS.), B.A.: Volkstelling, Hemrik, 1839; J.H. Brouwer (hoofred.): Encyclopedie van Friesland, p.665. Die vraag ontstaan of P.D. de Vries miskien verwant was aan Pietertje Roelofs de Vries, die moeder van Sytze Wierda.

14. G.A. (OPS.), B.A.: Volkstelling, Hemrik, 1839.

15. G.A. (OPS.), B.A.: Volkstelling, Wijnjeterp, 1839.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2. G.A. (OPS.), B.A.: Volkstelling, Hemrik, 1839, p.26; K.A. (Ned. Herv. L.T.H.): Doopboek, Ned. Herv. Gem. Lippenhuizen, 1839.

3. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 3: J.J. Spahr van der Hoek - H.M. Rex, 24.10.1968.

4. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 3: J.J. Spahr van der Hoek - H.M. Rex, 24.10.1968; Herdenkings=commissie: Smellingera-land, pp.130, 137 en 339. Dr. Spahr van der Hoek, wat sonder enige twyfel die grootste kenner is van die Hemrikse en Wijnjeterpse geskiedenis en omgewing, het op my versoek inligting verstrek oor die tipe woning wat die Wierda-gesin in Hemrik en Wijnjeterp waarskynlik bewoon het. Hy het my aandag spesifiek op afbeeldings van vroeëre woon=huise op bll. 130, 137 en 339 van die boek „Smellingera-land" gevestig.

5. G.A. (OPS.), B.A.: Bevolkingsregister van Hemrik, 1849-1859, p.26.

6. G.A. (OPS.), B.A.: Bevolkingsregister van Wijnjeterp, p.74.

7. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 6: G.J.J. Liefting - H.M. Rex, 31.12.1968. Ds. Liefting was vir 'n tyd lank predikant op Wijnjeterp. Op my versoek het hy navraag gedoen oor die ligging van die Wierda-woning in die vyftigerjare van die vorige een en toe bostaande inligting van „een oom van mijn schoondochter" ontvang.

8. G.A. (OPS.), B.A.: Volkstelling, Hemrik, 1839.

9. G.A. (OPS.), B.A.: Volkstelling, Hemrik, 1849.

10. G.A. (OPS.), B.A.: Bevolkingsregister van Hemrik, 1849-1859, p.26, Bevolkingsregister van Wijnjeterp, 1849-1859, p.74.

11. L.W. de Bree: Het platteland leert lezen en schrijven, p.106.

12. G.A. Wumkes: Stads- en Dorpskroniek van Friesland II, onder die opskrif: Hemrik, 1822.

13. G.A. (OPS.), B.A.: Volkstelling, Hemrik, 1839; J.H. Brouwer (hoofred.): Encyclopedie van Friesland, p.665. Die vraag ontstaan of P.D. de Vries miskien verwant was aan Pietertje Roelofs de Vries, die moeder van Sytze Wierda.

14. G.A. (OPS.), B.A.: Volkstelling, Hemrik, 1839.

15. G.A. (OPS.), B.A.: Volkstelling, Wijnjeterp, 1839.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



16. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 3: J.J. Spahr van der Hoek - H.M. Rex, 9.10.1968.

17. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 3: J.J. Spahr van der Hoek - H.M. Rex, 24.10.1968.

18. J.H. Brouwer (hoofred.): Encyclopedie van Friesland, p.575.

19. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 3: J.J. Spahr van der Hoek - H.M. Rex, 24.10.1968.

20. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 7: R. Reinsma - H.M. Rex, 11.7.1964. As bron vir sy stel= ling verwys hy na: Archief van Binnenlandsche Zaken, Vijfde Afd., Nr. 24.12.1845, No. 60.

21. Johannes Henricus Nieuwold (1737-1812), wat as die „on= vergetelijken Nieuwold" onthou word, het begryp dat die Nederlandse kultuur 'n leeskultuur is en dat die leesboek as instrument vir die opvoeding gebruik moet word. Nieuwold moet gereken word tot een van die grootste bouers aan die volksonderwys in Nederland. Saam met hom moet ook genoem word: H. Wester (1752-1821), R.G. Rijkens (1795-1855) en Berend Brugsma (1797-1868).

22. L.W. de Bree: Het platteland leert lezen en schrijven, pp.6, 8, 10, 40-41, 44-45, 48, 51, 63, 68-71, 96-98, 101, 118, 121, 132-135, 137-138 en 141-143. Die werk van De Bree kan as 'n waardevolle en gesaghebbende ge= skrif beskou word.

23. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Onderhoude, VI, iii, 2: Mev. J.W. van Hoogstraten. Mededeling na aanleiding van 'n vertelling deur haar grootmoeder, Harmke Wierda-Kamp, eggenote van Sytze Wierda.

24. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, A, 27 en 28: S. Wierda - Anna (Notten?), 22.3.02, met tekening op eerste bladsy deur Sytze Wierda; S. Wierda - Sonder naam van geadresseerde en datum, fragment met tekening daarop, Korresp., VI, iv, 4: A. Wierda - H.M. Rex, 7.2.1969, Wierda-Stukke, VI, i, K, a-d: Ontwerpe, VI, i, L, 1 en 2: Tekeninge. In sy brief van 7.2.1969 verwys mnr. Atze Wybes Wierda van Gorredijk na die vioolspel van Wopke Sjerps Wierda.

25. L.W. de Bree: Het platteland leert lezen en schrijven, pp.15, 23, 44, 50, 53-54, 87 en 118.

26. T.A.B., S.S. 1386, R.4189/82 (afskrif) by R.2693/87: S. Wierda - Driemanschap en Uitv. Raad, 2.6.1882, pp.110-114, T.A.B., E.V.R. 243: S. Wierda - Drieman= schap en Uitv. Raad, 2.6.1882, pp.191-195.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



16. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 3: J.J. Spahr van der Hoek - H.M. Rex, 9.10.1968.

17. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 3: J.J. Spahr van der Hoek - H.M. Rex, 24.10.1968.

18. J.H. Brouwer (hoofred.): Encyclopedie van Friesland, p.575.

19. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 3: J.J. Spahr van der Hoek - H.M. Rex, 24.10.1968.

20. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 7: R. Reinsma - H.M. Rex, 11.7.1964. As bron vir sy stel= ling verwys hy na: Archief van Binnenlandsche Zaken, Vijfde Afd., Nr. 24.12.1845, No. 60.

21. Johannes Henricus Nieuwold (1737-1812), wat as die „on= vergetelijken Nieuwold" onthou word, het begryp dat die Nederlandse kultuur 'n leeskultuur is en dat die leesboek as instrument vir die opvoeding gebruik moet word. Nieuwold moet gereken word tot een van die grootste bouers aan die volksonderwys in Nederland. Saam met hom moet ook genoem word: H. Wester (1752-1821), R.G. Rijkens (1795-1855) en Berend Brugsma (1797-1868).

22. L.W. de Bree: Het platteland leert lezen en schrijven, pp.6, 8, 10, 40-41, 44-45, 48, 51, 63, 68-71, 96-98, 101, 118, 121, 132-135, 137-138 en 141-143. Die werk van De Bree kan as 'n waardevolle en gesaghebbende ge= skrif beskou word.

23. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Onderhoude, VI, iii, 2: Mev. J.W. van Hoogstraten. Mededeling na aanleiding van 'n vertelling deur haar grootmoeder, Harmke Wierda-Kamp, eggenote van Sytze Wierda.

24. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, A, 27 en 28: S. Wierda - Anna (Notten?), 22.3.02, met tekening op eerste bladsy deur Sytze Wierda; S. Wierda - Sonder naam van geadresseerde en datum, fragment met tekening daarop, Korresp., VI, iv, 4: A. Wierda - H.M. Rex, 7.2.1969, Wierda-Stukke, VI, i, K, a-d: Ontwerpe, VI, i, L, 1 en 2: Tekeninge. In sy brief van 7.2.1969 verwys mnr. Atze Wybes Wierda van Gorredijk na die vioolspel van Wopke Sjerps Wierda.

25. L.W. de Bree: Het platteland leert lezen en schrijven, pp.15, 23, 44, 50, 53-54, 87 en 118.

26. T.A.B., S.S. 1386, R.4189/82 (afskrif) by R.2693/87: S. Wierda - Driemanschap en Uitv. Raad, 2.6.1882, pp.110-114, T.A.B., E.V.R. 243: S. Wierda - Drieman= schap en Uitv. Raad, 2.6.1882, pp.191-195.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



27. I.J. Brugmans: De arbeidende klasse in Nederland in de 19de eeuw (1813-1870), p.93.

28. G.A. (OPS.), B.A.: Volkstelling, Wijnjeterp, 1839; H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 3: J.J. Spahr van der Hoek - H.M. Rex, 9.10.1968.

29. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 9: Bur= gemeester van Smallingerland - H.M. Rex, 31.5.1968 en 4.3.1969.

30. G.A. (OPS.), B.A.: Volkstelling, Wijnjeterp, 1839.

31. G.A. (OPS.), B.A.: Bevolkingsregister van Wijnjeterp, 1849-1859, p.74.

32. R.A. (F.)B.S., SMA 1860-1862: „Verklaring door de Commissaris des Konings", Leeuwarden, 24.2.1862, „Bijlage bij Huwelijksakte No. 5, 1862".

33. Die term „broederdienst" het in die geval van die gesin van Wopke Sjerps Wierda, betrekking op die feit dat Sytze Wierda vrygestel is van militêre opleiding op grond van die feit dat 'n ouer broer die verpligte militêre opleiding ondergaan het, in hierdie geval Roelof Wopkes of Sjerp Wopkes Wierda. Een van die twee lg. broers het vir een of ander onbekende rede ook vrystelling van „dienst" ontvang.

34. J.H. Brouwer (hoofred.): Encyclopedie van Friesland, p.153.

35. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, A, 6: S. Wierda en H.T. Kamp - Broeder en Zuster, Mei 1880.

36. G.A. Wumkes: Stads- en Dorpskroniek van Friesland II, onder Appelsga, 1871, 19 Dec.

37. G.A. (OPS.), B.A.: Bevolkingsregister van Wijnjeterp, 1849-1859, p.74.

38. G.A. (GR.), B.A.: Bevolkingsregister van Groningen, 1860, Boek T6 (1860), F., No. 1-300, p.144.

39. I.J. Brugmans: De arbeidende klasse in Nederland in de 19de eeuw (1813-1870), p.92.

40. H.P. Meppelink: Technisch Vakonderwijs Voor Jongens In Nederland In De 19de Eeuw, pp.35-42.

41. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 8: De Gemeentesecretaris van Winsum - H.M. Rex, 18.4.1961, Onderhoude, VI, iii, 4: Dr. Jan Ploeger; Th. Fockens: Wegwijzer door Groningen, p.123. In die vorige eeu

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



27. I.J. Brugmans: De arbeidende klasse in Nederland in de 19de eeuw (1813-1870), p.93.

28. G.A. (OPS.), B.A.: Volkstelling, Wijnjeterp, 1839; H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 3: J.J. Spahr van der Hoek - H.M. Rex, 9.10.1968.

29. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 9: Bur= gemeester van Smallingerland - H.M. Rex, 31.5.1968 en 4.3.1969.

30. G.A. (OPS.), B.A.: Volkstelling, Wijnjeterp, 1839.

31. G.A. (OPS.), B.A.: Bevolkingsregister van Wijnjeterp, 1849-1859, p.74.

32. R.A. (F.)B.S., SMA 1860-1862: „Verklaring door de Commissaris des Konings", Leeuwarden, 24.2.1862, „Bijlage bij Huwelijksakte No. 5, 1862".

33. Die term „broederdienst" het in die geval van die gesin van Wopke Sjerps Wierda, betrekking op die feit dat Sytze Wierda vrygestel is van militêre opleiding op grond van die feit dat 'n ouer broer die verpligte militêre opleiding ondergaan het, in hierdie geval Roelof Wopkes of Sjerp Wopkes Wierda. Een van die twee lg. broers het vir een of ander onbekende rede ook vrystelling van „dienst" ontvang.

34. J.H. Brouwer (hoofred.): Encyclopedie van Friesland, p.153.

35. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, A, 6: S. Wierda en H.T. Kamp - Broeder en Zuster, Mei 1880.

36. G.A. Wumkes: Stads- en Dorpskroniek van Friesland II, onder Appelsga, 1871, 19 Dec.

37. G.A. (OPS.), B.A.: Bevolkingsregister van Wijnjeterp, 1849-1859, p.74.

38. G.A. (GR.), B.A.: Bevolkingsregister van Groningen, 1860, Boek T6 (1860), F., No. 1-300, p.144.

39. I.J. Brugmans: De arbeidende klasse in Nederland in de 19de eeuw (1813-1870), p.92.

40. H.P. Meppelink: Technisch Vakonderwijs Voor Jongens In Nederland In De 19de Eeuw, pp.35-42.

41. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 8: De Gemeentesecretaris van Winsum - H.M. Rex, 18.4.1961, Onderhoude, VI, iii, 4: Dr. Jan Ploeger; Th. Fockens: Wegwijzer door Groningen, p.123. In die vorige eeu

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



was H.W. Wierda (1808-1894) en Ubel Wierda (1852-1890) twee bekende openbare figure in Winsum. Of Sytze Wierda tydens sy tydelike verblyf in Winsum enige kontak gehad het met die Wierda-familie van Winsum, is nie bekend nie.

42. G.A. (OPS.), B.A.: Bevolkingsregister van Wijnjeterp, 1860-1870, p.96.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



was H.W. Wierda (1808-1894) en Ubel Wierda (1852-1890) twee bekende openbare figure in Winsum. Of Sytze Wierda tydens sy tydelike verblyf in Winsum enige kontak gehad het met die Wierda-familie van Winsum, is nie bekend nie.

42. G.A. (OPS.), B.A.: Bevolkingsregister van Wijnjeterp, 1860-1870, p.96.